**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE SA TWEEKAMP-VERENIGING GEHOU OP VRYDAG, 3 APRIL 2009 BY DIE DAL JOSAFATSTADION IN DIE PAARL.**

1. **OPENING EN VERWELKOMING:**
Die President, Regter Chris Jansen (CJ), verwelkom almal by die AJV van die SA Tweekampvereniging. Dawie Smit open die vergadering met skriflesing (Jesaja 46) en gebed.

CJ noem dat ons gedurende die jaar 'n goeie vriend verloor het - Tom Bothma, wat voorsitter was van Noordwes Provinsie. Die vergadering huldig 'n stilte ter nagedagtenis.

CJ noem dat ons altyd ons afhanklikheid van ons Hemelse Vader kan erken – dat die Vader ons "op die naam geroep het."

2. **PRESENSIE:**
Die presensielys word aangeheg.

Verskoning word aangebied vir Gert Jordaan, die tesourier, wat oogoperasies gehad het. Verskoning vir Grens, Kwa-Zulu-Natal en Limpopo (Dianne en Bryan Varrie sou die vergadering bygewoon het, maar Dianne het ongesteld geraak.)

3. **DIE BEVESTIGING VAN DIE AFGEVAARDIGDES SE GELOOFSBRIEWE:**
Alle provinsies het hulle geloofsbriewe vooraf na die sekretaris gestuur – bevestig deur Blackie Swart (BS). Bevestig volgens die presensielys.

Gevolmagtigdes is vir sekere afwesiges skriftelik deurgegee soos op die presensielys aangedui.

4. **LEES VAN DIE KENNISGEWING WAT DIE AJV BELê:**
Die sekretaris, BS, lees die amptelike kennisgewing om die AJV te belê.

Die vergadering sal in Afrikaans gehou word.

5. **VOORLEGGING EN BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE AJV GEHOU OP VRYDAG, 21 MAART 2008 BY DIE 'HIGH PERFORMANCE CENTRE' VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA IN PRETORIA:**
Die notule word as gelees beskou en word deur die vergadering bekragtig – voorgestel J vd Venter, gesekondeer M Vorster.

6. **VOORLEGGING, BESPREKING EN AANVAARDING VAN DIE PRESIDENT SE JAARVERSLAG:**
Regter Chris Jansen (CJ) lewer sy jaarverslag, soos wat ingebind in die dokumente wat uitgedeel is.

Die volgende aspekte word uitgelig:

- 2 UB-vergaderings is volgens konstitusie gehou.

- Gereelde kontak is met UB-lede gemaak.
- CJ stuur gereeld nuusbriewe uit.
- Heelwat navrae is gekry deur besoeke aan die webwerf.
- ‘SA Sport and Recreation’ se vergaderings is nie bygewoon nie a.g.v. die finansiële kostes daaraan verbonde.
- SASCOC erken ons nie omdat ons nie ’n Olimpiese sport is nie.
- Samewerking met Vyfkamp kom nog steeds nie aan die gang nie.
- Vyfkamp se Biathle is ook na hierdie naweek geskuif (nadat hulle foutiewelik die Paasnaweek bespreek het!).
- Interprovinsiale kompetisies word gereeld gehou.  Buurprovinsies moet asseblief byeenkomste ondersteun.
- Ontwikkeling bly ’n groot uitdaging.
- DvdW sal inligting derugee om ontwikkeling aan te moedig.
- Finansies sal onder die spesifieke punt bespreek word.
- Die rekenaarprogram het nog uitdagings, maar werk in sekere provinsies. By die Bestuursvergadering in Oktober sal ’n finale besluit geneem word.  Provinsies moet met Gert Jordaan skakel. Die SA Bestuur sal kyk na die moontlikheid van ’n honorarium vir GJ.
- Die AJV gee volmag aan die UB om met GJ en Johan Fourie te onderhandel om die rekenaarprogram uit te sorteer en op datum te hou.
- Veterane bly ’n probleem – probeer hulle terugkry.
- Webwerf moet deur provinsies gebruik word. Provinsies wat hulle eie webwerf het, moet ‘n “Link” na die SA webwerf skep.
- Pad vorentoe:  rig op die platteland.
- CJ sê dat hy in sy aftreejaar as Regter werk.  Larna het heel waarskynlik die laaste keer die jaarverslag vir hom getik.

AM bedank CJ vir sy passie vir die sport en goeie leiding as President vir die afgelope 12 jaar.  Dit word aanvaar, met akklamasie.

Verslag aanvaar:  voorstel AM, sekondant Tewie vd Westhuizen.

7. **VOORLEGGING, GOEDKEURING EN AANVAARDING VAN DIE FINANSIëLE VERSLAG:**

Die ouditverslag is weer kosteloos gedoen deur Bezuidenhout en Steyn soos verteenwoordig deur Hans Jonker.

Volgens die Interprovinsiale kompetisies en registrasie van atlete, is daar minder atlete en ’n kleiner inkomste.

Die bestuur hou die koste laag en is geensins uitspattig nie.  Reiskoste is nog steeds R2-00 per kilometer.

R9 710 is deur provinsies inbetaal nadat die verslag reeds opgestel is.

Die finansiële posisie lyk goed.  Bankkoste word hoër.  Alle tjeks het 2 handtekeninge op.  ’n Versoek dat alle e-pos na CJ se werksadres ook

gestuur word (chriselm@lantic.net & chrjansen@justice.gov.za).

Johan vd Venter stel voor dat 'n internettransaksie ook vooraf deur 'n tweede persoon op 'n proforma goedgekeur word. Die Tesourier sal dit ondersoek.

Die finansiële verslag word aanvaar: voorgestel Len Symington en gesekondeer Dawie Smit, met dank aan GJ.

CJ noem dat die UB bespreek het om die registrasiegelde oor 'n jaar aan te pas.

Bedankingsbrief moet aan die ouditeure gestuur word - CJ.

8. **MOSIES:**

Geen mosies ontvang nie.

9. **BESPREKINGS:**

Daar is by die UB bespreek om te kyk na die akkommodasie van gestremde atlete. Daar was voorheen gestremde atlete (gehoorgestremd, of met prosteses) wat deelgeneem het. WW sal die saak ondersoek en 'n voorstel maak.

**Rekords**:

Provinsiale rekords en SA rekords moet bygehou word. Elke Provinsiale Voorsitter moet sorg dat die rekords bygehou word. Dit moet op die webwerf geplaas word.

Die Provinsie wat SA's aanbied moet die opgedateerde lys aan die volgende gasheer oorgee.

BS sal die proforma van WP aan alle provinsies e-pos.

10. **VERKIESING VAN DIE BEAMPTES VAN DIE VERENIGING EN BYKOMSTIG GEKOSE LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR:**

CJ noem dat daar ook na verteenwoordiging t.o.v. geslag gekyk moet word. Die uitslae is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| President: | Regter Chris Jansen | Onbestrede |
| Vise-President: | Archie Markgraaff | Onbestrede |
| Sekretaris: | Blackie Swart | Onbestrede |
| Tesourier: | Gert Jordaan | Onbestrede |
| Addisionele lede: | Dave vd Walt<br>Deon Velthuysen<br>Len Symington | Verkies met 'n meerderheid van stemme |

WW sal steeds die aksie rondom gestremde atlete uitsorteer. CJ noem dat die "Suide" swaarder "gelaai" is, maar dat dit almal se komitee is. Almal moet insette lewer.

11. **VERKIESING VAN ERELEDE:**
Geen

12. **VERKIESING VAN 'N KEURKOMITEE VAN 3 LEDE:**
Verkies met 'n meerderheid stemme:
Dave vd Walt, Deon Velthuizen en Archie Markgraaff.

13. **AANSTELLING VAN ERE-OUDITEURE VIR DIE VOLGENDE FINANSIëLE TERMYN:**
Bezuidenhout en Steyn, soos verteenwoordig deur Hans Jonker, word aanvaar as ouditeure.

Len Symington vra oor belasting. Alle provinsies moet aansoek doen vir vrystelling.

14. **AANSOEKE ONTVANG: DATUM EN PLEK VAN DIE VOLGENDE JAARLIKSE KAMPIOENSKAPPE SOWEL AS INTERPROVINSIALE BYEENKOMSTE:**

Die SA Kampioenskappe word in 2010 deur Suid-Vrystaat in Bloemfontein aangebied op 3 en 4 April 2010 (Paasnaweek) en in 2011 deur Oostelike Provinsie op 24 April 2011 (Paasnaweek).

Die res van die seisoen se bepalings is soos volg: (sien onder)

15. **AFSLUITING:**
Die President bedank Len Symington en sy komitee vir die reëlings ten opsigte van die 2009 SA Kampioenskappe en wens almal 'n voorspoedige kompetisie toe.

Die vergadering verdaag om 20:30

| | |
|---|---|
| ……………………………………………. | ……………………………………… |
| **PRESIDENT** | **SEKRETARIS** |
| ……………………………………………. | ……………………………………… |
| **DATUM** | **DATUM** |

## SA BIATHLON Annual programme for the 2009/10, 2010/11 seasons:
## Inter Provincials and SA Championships

| DATE of EVENT | CODE | VENUE | PROVINCE | CONTACT |
|---|---|---|---|---|
| 3 October 2009 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 4 October 2009 | Biathlo | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 17 October 2009 | Biathlon | Upington | Noordwes-Kaap | See 10 T Burger |
| 24 October 2009 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | See 5 J vd Venter |
| 24 October 2009 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 25 October 2009 | Biathlo | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 1 November 2009 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | See 9 T vd Westhuizen |
| 16 January 2010 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | See 1 B de Clerck |
| 6 February 2010 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (SWD org) | See 2 D vd Walt |
| 7 February 2010 | Biathlo | Oudtshoorn | Highgate (SWD org) | See 2 D vd Walt |
| 21 February 2010 | Biathlon | Germiston | Central Gauteng | See 4 P v Zyl |
| **3 April 2010** | **Biathlon** | SVS, Bloemfontein | **SA Championships** | See 6 A Markgraaff |
| **4 April 2010** | **Biathlo** | SVS, Bloemfontein | **SA Championships** | See 6 A Markgraaff |
| 2 October 2010 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 3 October 2010 | Biathlo | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 16 October 2010 | Biathlon | Kimberley | Griekwas | See 8 R Erasmus |
| 23 October 2010 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | See 5 J vd Venter |
| 23 October 2010 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 24 October 2010 | Biathlo | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 6 November 2010 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | See 9 T vd Westhuizen |
| 15 January 2011 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | See 1 B de Clerck |
| 5 February 2011 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (WP org) | See 2 D vd Walt |
| 6 February 2011 | Biathlo | Oudtshoorn | Highgate (WP org) | See 2 D vd Walt |
| 20 February 2011 | Biathlon | Germiston | Central Gauteng | See 4 P v Zyl |
| **23 April 2011** | **Biathlon** | Port Elizabeth | **SA Championships** | See 7 C Jansen |
| **24 April 2011** | **Biathlo** | Port Elizabeth | **SA Championships** | See 7 C Jansen |


**1. MPUMALANGA BIATHLON ASSOCIATION**
*Bertie de Clerck* Cell 082 3789 358 e-mail bdc88@hotmail.com
**2. SOUTH WESTERN DISTRICTS BIATHLON ASSOCIATION**
*Dave van der Walt* Cell 082 7734 901 e-mail davesus@mweb.co.za / dave@oudhs.wcape.school.za
**3. BOLAND BIATHLON ASSOCIATION**
*Len Symington* Cell 082 875 2257 e-mail symingtonl@pvbm.co.za
**4. CENTRAL GAUTENG BIATHLON ASSOCIATION**
*Pieter van Zyl* Cell 082 443 3999 e-mail zylec@mweb.co.za
**5. GAUTENG NORTH BIATHLON ASSOCIATION**
*Johan van der Venter* Cell 083 268 2363 e-mail vdventer@mweb.co.za
**6. SOUTHERN FREE STATE BIATHLON ASSOCIATION**
*Archie Markgraaff* Cell 082 5583 567 e-mail dsat-bfn@iafrica.com
**7. EASTERN PROVINCE BIATHLON ASSOCIATION**
*Chris Jansen* Cell 082 787 2915 e-mail chriselm@lantic.net / chrjansen@justice.gov.za
**8. GRIEKWALAND-WES BIATHLON ASSOCIATION**
*Rassie Erasmus* Cell 083 650 7365 e-mail rassie@engelsman.co.za
**9. NORTHERN FREE STATE BIATHLON ASSOCIATION**
*Tewie vd Westhuizen* Cell 082 8477 499 e-mail eiwet@act.co.za
**10. NORTH WEST CAPE BIATHLON ASSOCIATION**
*Dawie Smit* Cell 082 770 7212 e-mail dawie@aristo-upt.co.za
**11. WESTERN PROVINCE BIATHLON ASSOCIATION**
*Marius Vorster* Cell 082 336 1575 e-mail wptweekamp@telkomsa.net